

bly by

BEPLAN VOORUIT

Hoe gemak om te voorsien vir 'n goeie tweede helfte van jou lewe? Beplan só om jou doelwitte te bereik.

deur **WILMA DE BRUIN** stilering **HANNES KOEGELENBERG**



'Goeie geldbestuur loop hand aan hand met 'n goeie selfbeeld, goeie gesondheid en optimistiese lewensuitkyk.'

– Magnus Heystek

ASOF DIE Covid-19-pandemie Suid-Afrikaners se kollektiewe psige nie al genoeg geknou het met die pynlike werklikheid van 'n wêreld op sy kop nie, dryf onder meer die nimmereindigende styging in lewenskoste, 'n rand wat stadig maar seker stoom verloor teenoor ander geldeenhede en toeneemende werkloosheid al hoe meer Suid-Afrikaners na Moedverloor se Vlakke.

Om elke hoek en draai hoor jy van mense wat spartel om kop bo water te hou; wat nog te sê iets opsysit vir hul oudag. Selfs dié wat reeds 'n neseier opgebou het, wonder of die opbrengs op hul beleggings vorentoe voldoende gaan wees om in hul aftrede te oorleef.

Die skrif is helder en duidelik aan die muur: jy moet nou jou geldsake indringend bekyk en die nodige aanpassings doen om te verseker dat jy finansiële die mas opkom, maan die een finansiële adviseur na die ander.

Katalisator vir verandering

Dit is dikwels 'n onverwagse gebeurtenis of krisis soos die einste Covid-pandemie, of dood, siekte, aflegging by die werk en selfs jou middeljarige wat die katalisator is vir verandering, sê Kim Potgieter, kenner en leier op die gebied van omvattende finansiële beplanning in die aftreesektor en skrywer van *Midlife Money Makeover*, 'n nuttige boek wat jou nie net help om jou lewe op die keper te beskou nie, maar om die nodige aanpassings te doen sodat jy in jou latere lewe jou doelwitte kan bereik en voluit kan lewe.

Sy verduidelik: 'Die middel van jou lewe beteken jy het die helfte van jou lewe gelewe; dis verby. Sommige beskou dit as 'n krisis, maar ek beskou dit meer as 'n "ontrafeling" – 'n geleentheid om jou lewe tot by die "halfpadmerk" te ontsyfer en te ontleed sodat die tweede, laaste helfte so betekenisvol moontlik kan wees. Dink 'n bietjie daaraan: dit kan jou beste jare wees, so

hoekom nie verseker dat dié slothoofstuk onvergeetliker is as die vorige nie?'

Jou verhouding met geld

Volgens Potgieter is 'n mens se verhouding met geld dikwels die grootste struikelblok in jou poging om 'n gesonde balansstaat te skep. 'Geld moet jou vriend wees. Op sy regte plek, behoort geld jou in staat te stel om jou lewe reg en sinvol te lei. Dit verg baie moed om jou verhouding met geld indringend te bekyk én bereid te wees om dit te verander. Jou geldgewoontes word beïnvloed deur aannames oor geld gegrond op boodskappe en ervarings in jou kinderjare – en baie daarvan is waarskynlik nie wáár nie. Jy kan miskien dink dis te laat vir verandering, maar vir elke aspek van jou lewe het jy 'n keuse, geld inkluis,' beklemtoon sy en vervolg:

'Om suksesvol te verander, begin by jónu en die wete dat jy die mag het om dit te laat gebeur. Eerstens verpoos jy vir 'n oomblik. Dit beteken jy doen bestekopname van jou lewe en visualiseer dan hoe jou lewe sal wees as dit goed verloop. Met ander woorde, jy bepaal hoe 'n doelgerigte en vervullende lewe vorentoe sal lyk. Dan skakel jy in (*tune in*). Wanneer jy eers die geklets uitgeskakel het, is dit tyd om na die geld-'opname' te luister wat herhaaldelik jou hele lewe lank gespeel het.

'Vervolgens hersien jy. Lewensbeplanning beteken jy gee aandag aan jou lewe en is doelgerig met jou geld. Wanneer jy eers 'n plan het vir jou lewe, kan jy geld toewys aan die vervulling van hierdie visie. Laastens druk jy 'speel' (*play*). Dit doen jy op die maat van 'n nuwe 'deuntjie' waar jy jou gewoontes op die regte plek plaas om jou visie te ondersteun. Ek hou van die woord "speel", want dit vang die plesier vas wat jou "tweede hoofstuk" moet behels. Dit moet pret wees!'

Die laaste ding wat mense in tye van

finansiële onsekerheid en swaarkry moet doen, is om paniekerig te raak en ondeurdagte besluite te neem, waarsku Potgieter.

'Te veel mense reageer emosioneel in tye van stres en vrees. Hulle neem dan alte dikwels besluite wat nie objektief is nie en gegrond is op vrees. Onthou: as jy 'n goeie finansiële plan het, hou daarby. Jy en jou adviseur het jou plan en beleggingstrategie met 'n rede saamgestel. Daar sal altyd gebeure in jou lewe wees waarvoor jy géén beheer het nie – markskommelings inkluis. Fokus dus jou energie op dit wat jy kán verander, soos:

- Bestuur jou skuld.
- Bekyk jou bestedingspatrone.
- Kanselleer debietorders en subskripsies wat jy nie meer nodig het nie.
- Stel 'n begroting of bestedingsplan op.
- Maak seker jou geldgewoontes stem ooreen met jou lewensdoelwitte.

Basiese beleggings-beginsels geld steeds

Kom dit by die praktiese sy van belegging en spaar om in ons oudag te oorleef, geld dieselfde bewese basiese beginsels steeds:

- Begin so vroeg moontlik in jou lewe om soveel moontlik te spaar.
- Versprei jou beleggings oor verskillende bateklasse om dit teen markskommelings te beskerm.
- Hersien jou beleggingsportefeulje gereeld om betyds die nodige aanpassings te doen om jou beleggings te beskerm en te laat groei.

' 'n Mens hoef nie 'n Einstein te wees nie om te besef dat deeglike, deurdagte en deurlopende finansiële beplanning in hierdie tyd belangriker is as ooit,'

beklemtoon Magnus Heystek, stigter van Brenthurst Wealth, SA se top welvaartbestuurder in 2017 en 2020.

Dié skrywer van verskeie beleggingsboeke praat van sy 'Tien gebooie' vir finansiële beplanning (sien onder).

Voorts beklemtoon hy die belangrikheid van buitelandse beleggings in 'n portefeulje. 'Suid-Afrikaners het in

die afgelope dekades al meer globale burgers geword. Ons reis meer terwyl emigrasie – hetsy self of dié van kinders en kleinkinders – ook 'n werklikheid is. Daarom is dit belangrik om 'n deel van jou beleggings aan buitelandse markte toe te wys.

'Ongelukkig het die wanbestuur van die SA ekonomie die afgelope dekade

en meer 'n groot impak op beleggingsopbrengste in SA gehad. Uitgedruk in dollarterme was die JSE een van die swakste markte die afgelope tien jaar met 'n zero-opbrengs in dollarterme. Daarenteen het markte in die VSA (+14% per jaar) en ander lande soos Nederland (+11% per jaar) veel beter gevaar.'

Hoe, waar moet jy belê?

Behalwe dat 'n gebalanseerde beleggingsportefeulje noodsaaklik is – met ander woorde, jy moenie al jou 'eiers in een mandjie' sit nie, maar jou beleggings oor die verskillende hoofbatesklasse – aandele, effekte, eiendomme en kontant – versprei, behoort jy dit ook vanuit 'n baie kort termyn, 'n kort tot medium termyn en 'n lang termyn te benader, beaam Dawie Roodt, uitvoerende direkteur en hoofekonoom van die Efficient Group.

Elk van die portefeuljes moet ook uit verskillende bates en batesklasse bestaan: jou kortste korttermynmandjie sal byvoorbeeld op kontant (geldmark of deposito's) toegespits wees om voorsiening te maak vir alle alledaagse en onvoorsiene uitgawes; jou kort- tot mediumtermyn-portefeulje sal hoofsaaklik binnelandse beleggings (plaas-

10 GEBOOIE VIR FINANSIËLE BEPLANNING

- 1 Finansiële beplanning en dissipline is 'n absolute voorvereiste vir elke mens – man of vrou – in die 21ste eeu.
- 2 Belegging is die uitstel van onmiddellike behoeftebevrediging ten einde 'n toekomstige behoefte te vervul. Dis 'n baie 'volwasse' daad, maar baie mense besit eenvoudig nie oor die nodige selfbeheersing nie.
- 3 Die dae van 'my man doen die finansiële beplanning' is verby. As eggenoot of lewensmaat moet jy betrokke raak en beter probeer verstaan hoe die proses werk.
- 4 Indien jy enkellopend is, moet JY self verantwoordelikheid neem vir jou finansiële beplanning.
- 5 Finansiële beplanning en dissipline is straks moeilik om te begryp ... maar makliker verstaanbaar as finansiële bankrotskap!
- 6 Maak vriende met jou geldsake. Goeie geldbestuur loop hand aan hand met 'n goeie selfbeeld, goeie gesondheid en optimistiese lewensuitkyk.
- 7 Wees betrokke wanneer daar oor geldsake gepraat word. Word deel van die oplossing.
- 8 Die goue reël van spaar en belegging: betaal jouself eers voordat jy iemand anders betaal. Belegging is jou vriend, nie jou vyand nie.
- 9 Onthou ook die goue reël van saamgestelde rente. Diegene wat dit betaal, sal nooit bates skep nie.
- 10 Vorm 'n langtermynverhouding met 'n bewese finansiële adviseur. Finansiële advies is 'n professie met professionele mense. Die dae van polissmouse is lankal verby.



like aandele en straks ook 'n bietjie kapitaalmarkinstrumente) behels en die langtermynmandjie sal uit internasionale aandele en kapitaalmarkinstrumente bestaan, verduidelik Roodt.

Aandele, effekte

Omdat aandele aan markskommelings onderworpe is, is hulle geneig om baie wisselvallig te wees en dus tipies 'n langtermynbelegging. Maar hoewel dit 'n hoërisiko-belegging is, lewer aandele in die algemeen 'n beter opbrengs op, sê Roodt.

In hierdie stadium verkies hy aandele bó internasionale effekte, 'maar dit verander met verloop van tyd. Hoewel effekte die afgelope, sê maar, 40 jaar internasionaal besonder goed gevaar het, glo ek dié tyd is nou verby. Buitelandse effekte is tans ook nie aan te beveel nie aangesien die opbrengskoers baie laag is,' verduidelik hy.

Buitelandse beleggings

Soos Heystek en ander finansiële adviseurs, beveel Roodt buitelandse beleggings sterk aan (as verskansing teen 'n verswakkende rand en ander redes), onder meer bestuurde aandeleportefeuljes of eiendomsbeleggings (met die oog op burgerskap van 'n bepaalde land), maar dit hang af van individu tot individu.

Hy waarsku: 'Daar is twee groot slaggate in internasionale beleggings waarvoor jy moet ligloop: die een is die mense met wie jy sake doen, waar jy jou geld plaas. Maak baie seker jy doen nie besigheid met skelms nie! Die tweede groot slaggat is jou strukture. Maak seker dat jou beleggings reg gestruktureer is, want as jy byvoorbeeld net 'n bankrekening oorseë het en jy kom te sterwe, kan dit 'n gesukkel afgee om daardie geld terug te kry.'

Risiko

'Allerbelangrik is dat jy die mense met wie jy besigheid doen om jou aftrede te help beplan, versigtig kies – want daar is baie skelms daarbuite. Ook baie belangrik is dat jy moet spáár ... vir 'n lang, lang tyd. Ontleed jou risikoprofiel, met ander woorde, bepaal hoeveel risiko jy bereid is om te loop. 'n Goeie finansiële adviseur sal jou help om dit te kan doen. As jy jonger is, sal jy waarskynlik meer risiko's kan en wil neem as wat jy sou doen as jy ouer is.

'Aan die ander kant is dit baie, baie riskant om nié risiko te neem nie, maar jy moenie "dom" goed doen en jou geld onoordeelkundig belê nie. As jy byvoorbeeld nie absoluut op die hoogte is van bewegings, tendense, pryse, vraag, aanbod, ens. van alternatiewe beleggings soos kuns en munte nie, kan jy jou vingers baie maklik verbrand. Dus: kyk die spreekwoordelike kat baie goed uit die boom sodat jy ingeligte besluite kan neem,' maan Roodt.

Eiendom

Eiendomsbeleggings lok uiteenlopende menings uit.

Aan die een kant is daar uit verskeie oorde bedenkinge oor die opbrengs wat sowel kommersiële as residensiële eiendomme lewer, veral weens die implikasies van Covid-19 en gepaardgaande invorderingsrisiko's, maar ook weens faktore soos hoë transaksie- en onderhoudskoste en lae likiditeit.

Vir ander, soos Linda Erasmus, voormalige uitvoerende hoof van die eiendomsgroep Fine & Country en tans die groep se internasionale handelsnaambestuurder, bly eiendom 'n aangewese beleggingsweg vir die langer termyn.

'Vir my was 'n belegging in eiendomme nog altyd die maklikste belegging om te verstaan. Jy koop vandag 'n huis teen X en verkoop die huis oor tien jaar vir X+. As enigiets verkeerd loop, het jy altyd nog die huis. Geldmarkte is meer gekompliseerd en die gewone mens verstaan nie altyd wat die geleerde adviseurs verduidelik nie.'

Maar sy beklemtoon dat 'n eiendomsbelegging 'n langtermynprojek is. 'As jy vanjaar koop en volgende jaar wil verkoop, staar jy heel moontlik 'n verlies in die gesig.'

HAAR RAAD AAN VOORNEMENDE EIENDOMS-BELEGERS?

- Koop met jou kop; nie met jou hart nie.
- Koop waar daar ekonomiese groei is en waar jy maklik weer kan verkoop. Baie mense koop hul tweede eiendom op 'n verafgeleë plek, maar dit is nie altyd wys in terme van 'n beleggingstrategie nie. Gaan hou maar eerder vakansie in 'n huurhuis en belê jou geld wyser.
- Die ou gesegde dat ligging belangrik is, is dalk al holrug gery, maar vandag geld dit meer as ooit. Wat vandag 'n gesogte ligging is, kan dalk oor 10 jaar nie meer so wees nie. Baie luukse woonbuurte in Suid-Afrika het al verval namate mense begin wegbeweeg het na veiliger gebiede en ook nader aan die ekonomiese 'spruitjie'.
- Voorbeelde van goeie eiendomsbeleggings is 'n huis naby die skool, klein woonstelle vir enkelinge naby die middestad (sentraal) of naby universiteite. Indien jy in 'n leefstyl-landgoed belê, moet jy doodseker maak dat jy die heffings kan bekostig.
- Daar is groot slaggate vir die meer onkundige belegger – moenie skroom om met kundige mense te gesels nie. Die beste leidsman is die een wat al male sonder tal in eiendom belê het. Luister maar na dié mense en onthou dat elke mens se persoonlike finansiële posisie anders is en dit is hiervandaan wat jy moet begin werk.



Bitcoin, kriptogeld

Sedert Bitcoin in 2009 sy buiging as die eerste gedentraliseerde kriptogeldeenheid gemaak het – en sedertdien nie minder nie as 4 000 ander kriptogeldeenhede die lig gesien het – het dié alternatiewe, digitale ruilmiddel wat by tye meteories in waarde gegroei het, tonge wêreldwyd aan die klap. En namate groot sakekokkedore wêreldwyd hulle openlik agter Bitcoin en ander kriptokeuses skaar, des te meer neem die wêreld kennis van kriptogeld as 'n alternatiewe bateklas.

Aan die een kant is daar vurige ondersteuners wat glo kriptogeldeenhede het 'n opwindende, nuwe beleggingsera ingelui; aan die ander kant is daar die skeptici wat katvoet is vir kriptose wispelturigheid en vloeibaarheid en dit hoogstens as 'n dobbelspel beskou. Die skeptici het bedenkinge dat kriptogeld meermale vir onwettige en verdagte transaksies gebruik word (dit is tans nog ongereguleer) en hulle glo dié borrel is bestem om te bars.

Laasgenoemde is een van talle mites oor kriptogeld, glo Sean Sanders, stigter en uitvoerende hoof van Revix, 'n platform wat Jan en alleman in staat stel om in ontluikende sektore en bateklasse soos kripto-eenhede te belê.

'Feit van die saak is dat kriptogeld die

afgelope dekade die \$1,3 biljoen-kerf verbygesteek het om die wêreld se besprekerende bateklas te word. Kenners besing Bitcoin as die "digitale goud" van die digitale era aangesien dit die digitale ekonomie dryf en die Vierde Industriële Revolusie (4IR) lei,' het hy in 'n onlangse onderhoud aangevoer.

'In 2020 en 2021 het kriptovaluta se waarde as bateklas met meer as 3 800 persent gestyg. Dit is veel hoër as die winste van tradisionele kommoditeite en finansiële markte, soos die S&P 500-aandele-indeks en die JSE se Top 40-aandele-indeks. Vergeleke hiermee het goud in dieselfde tydperk, jaar op jaar, 'n wins van hoogstens 25% opgelewer,' aldus Sanders.

Fred Razak, hoofverhandelingstrateeg van CMTrading, is net so positief oor kriptogeld se toekoms. 'Ofskoon ons ons tans in die Wilde Weste van kriptogeld bevind, is die groeipotensiaal enorm. Verbruikers moet dit nog "omarm" as 'n geldeenheid vir daaglikse transaksies. Om koppe te draai, vat tyd. Maar ons begin al klaar sien dat groot kredietkaartmaatskappye, aanlyn-betalingsoplossings en ondernemings soos die elektroniese motorvervaardiger en skoonenergiemaatskappy Tesla Bitcoin as 'n erkende betalingsmetode aanvaar,' sê hy.

'Die belangrikste ding om te onthou

wanneer jy enigiets verhandel, is om te verseker dat die instelling waarmee jy sake doen gereguleer is en dat jou geld in veilige hande is. Ons lewe in interessante tye en daar is baie kansvatters wat uit elke moontlike geleentheid probeer munt slaan. Hou die markte dop, verstaan die handelingsomgewing en beskerm jouself deur 'n gereguleerde makelaar te kies,' maan hy ten slotte.

ABC VAN KRIPTOGELD

- Kriptogeld is digitale bates wat deur middel van 'n blokketting (*block chain*) tussen twee of meer entiteite verhandel kan word om fisieke of digitale goedere en dienste te koop.
- Elke keer wanneer 'n transaksie plaasvind, word dit saam met ander intydse transaksies in versleutelde vorm in 'n sogenaamde blok gebondel wat aan die vorige, mees onlangse blok geheg word. Só word 'n ketting van blokke gevorm, wat begin by die heel eerste transaksie wat gedoen is.
- Hierdie blokketting vorm die tegniese daarstelling van die gedentraliseerde grootboek (*ledger*) wat alle transaksies bevat.
- Die beveiligde digitale grootboek (en onderliggende blokketting) word dus deurgaans groter namate mense transaksies doen, aldus Wikipedia.
- Elke kriptogeldeenheid word anders gekodeer en het dus sy eie blokketting wat transaksies aanteken deur elke tien minute 'n nuwe 'blok' inligting vir dié betrokke ketting by te voeg.



EIENDOMSBELEGGING VERSEKER NUTTIGE AFTREE-NESEIER

Danksy haar besluit om vroeg in haar lewe in eiendomme vir verhuring te begin belê, pluk Tina Smith, afgetrede kleuterskool-eienaar van Johannesburg, vandag die vrugte van genoegsame inkomste vir aftrede. Sy vertel:

'Die hoofrede waarom ek reeds op 'n vroeë ouderdom spesifiek in eiendomme begin belê het, is eerstens my belangstelling in eiendomme en tweedens kon ek slegs spaar vir 'n deposito. Die res van die koopsom kon ek by die bank leen, terwyl die verband aanvanklik grotendeels deur die huurinkomste betaal is.

'Ek beskou die terugbetaling van die verbandpaaient as 'n verpligte besparing wat ek dalk nie noodwendig sou gespaar het nie. Met R100 000 in my sak kon ek normaalweg net R100 000 se aandele koop, terwyl ek 'n eiendom van byvoorbeeld R1 miljoen kon koop deur 'n verband by die bank te bekom.

'In die geval van 'n eiendom voeg ek ook waarde toe deur huisvesting vir 'n huurder te verskaf. Ek het ook gevind dat deur 'n verwaarloosde eiendom te koop en op te knap, ek waarde toegevoeg het wat in 'n wins omskep kon word.

'Wanneer ek 'n onbewoonde eiendom gesien het, het ek die eienaar opgespoor om te bepaal of dit dalk 'n winskoop kon wees. Ek het ook probeer om op die hoogte te bly van moontlike eiendomsveulings. Die belangrikste wanneer ek 'n eiendom gekoop het, was die ligging.

'Dan het ek ook gesorg dat ek nie meer as die markverwante prys vir die eiendom op die spesifieke tyd betaal nie deur die pryse in

die onmiddellike omgewing te vergelyk. Ek het dan net 'n deposito betaal en die res van die koopprys by die bank geleen. Die huurinkomste het gewoonlik 'n groot deel van die verbandpaaient gedek.

'Dit is baie belangrik om huurders noukeurig te keur. Die Huurwet maak dit feitlik onmoontlik om van 'n swak huurder ontslae te raak. Voornemende huurders moet 'n aansoekvorm invul waarna ek verwysings kry vóórdat ek 'n huurkontrak sal sluit. Weer eens is ek nooit oorhaastig nie. Ek laat liever 'n eiendom vir 'n maand leeg staan as om die verkeerde huurder toe te laat om in te trek.

'In die stadium toe ek my eiendomme gekoop het, was die pryse uiteraard baie laer as vandag. Indien ek nou sou besluit om van my eiendomme te verkoop, sal kapitaalwinsbelasting (KWB) aan die SA Inkomstediens (SARS) betaal moet word, wat uiteraard my wins sal verminder.

KWB sal egter ook op ander beleggings van toepassing wees. Aangesien my eiendomme gekoop is as belegging met die uitsluitlike doel om my van 'n pensioen te voorsien, woon ek nie in een van die eiendomme nie, dus sal ek ook nie baat vind by die afslag op KWB wat op primêre wooneiendomme van toepassing is nie. In die lig van die huidige lae rentekoers glo ek dat my huurinkomste op die oomblik beter is as 'n belegging in die bank.

'Ek glo ook dat daar altyd 'n vraag na residensiële huureiendom sal wees. Daar is wel faktore waaroor 'n eienaar geen beheer het nie, soos die stygende munisipale belasting wat die eiendomsmark in die toekoms nadelig kan beïnvloed.'

HOE, WAAR BEGIN 'N MENS OM JOU GELDSAKE IN ORDE TE KRY?

- Begin deur deeglik en omvattend bestek op te neem van presies waar jy finansiëel staan sodat jy, indien nodig, nie net die nodige aanpassings kan doen om jou huidige verpligtinge na te kom nie, maar ook voldoende vir jou aftrede voorsiening kan maak. In baie gevalle is finansiële mislukking grootliks toe te skryf aan 'n gebrek aan realistiese en behoorlike beplanning.
- As jy nie die nodige kundigheid het om self jou geldsake/aftreebeplanning te behartig nie, kan jy by die Finansiële Beplanningsinstituut (FBI) by www.fpi.co.za aanklop om 'n lys van name te kry van Gesertifiseerde Finansiële Beplanners (CFP®) in jou area om jou te help om 'n weldeurdagte geldplan op te stel wat jou omstandighede in ag neem en aan jou behoeftes voldoen.
- **CFP®-akkrediasie** (wat internasionaal erken word as die standaard vir professionele finansiële beplanners) gee jou die gemoedsrus dat jou adviseur die nodige opleiding, ondervinding, tegniese én etiese bevoegdheid het om jou suksesvol met jou geldsake te help.
- Sou jy besluit om van 'n onafhanklike/ander finansiële adviseur gebruik maak, maak seker van die persoon se bevoegdheid en baanrekord!
- Oplaas moet jy 'n beplanner/adviseur kies met wie jy 'n langtermyn-verhouding kan vestig, gegrond op vertroue en deurlopende goeie diens.

